KAMMANUUS

Nommer 360 23 September 2013

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Paarties op die Vlakte: Loop voor die ore kom

Djulle sien, ek praat nie van daai Amerikaanse skurkjolle wat mens so gereeld op DSTV sien en waar daar sulke half naakte Beyoncé tipes hulle lywe swaai nie. O nee my bra, ek praat van die regte egte ghettoblaas, papsaksuipende, swaaikous, Brenda Fassie luisterende soort partytjies wat mens net in die Kaapse Vlakte teëkom.

Soos vertel deur Gadeeja Abbas.

Die groot ding hier is dat enige iemand welkom is mits jy 'n kas Black Label, genoeg braaivleis en 'n gesteelde nommerplaat saambring. Ek grap sommer oor die nommerplaat, maar as jy een het wat net rondlê, sal dit 'n goeie offerhande en geesskepper wees.

Maar op 'n meer ernstige noot, as jou naam Lili Radloff is en jy is 'n blanke dame en goed bedeeld, sal jy tien teen een aangesien word vir 'n vermomde speurder. Ons word van kleins af geleer om agterdogtig te wees teenoor almal. So, om jouself die moeite te spaar om om te aanskou hoe 'n klomp mense so vinnig spaander vir hulle karre dat hulle helfte van hul biere mors, steek liewer jou blonde haartjies weg onder 'n kopdoekie en noem jouself antie Giga. Doen jou voor as die lang verlore albino niggie van Malmesbury.

En as jy dink jou aksent gaan jou dalk weggee, praat die hele tyd met 'n mond vol kos. Sodra een van die dronk ooms wat met als wat beweeg vlerksleep, jou 'n kom-bietjie-hier-na-toe kyk gee, is jy in, niggie!

Reël 1: Eet met aankoms

Tensy jy van plan is om van honger om te kom, maak eers jou maag vol. Die rede is dat daar, nog voor die partytjie begin, kos weggedra word vir die mense wat dit nie na die partytjie toe kon maak nie. Maak nie saak of dit jou braaivleis is nie, jy kom NIE tussen 'n kleurlinggirl en haar tjoppie nie.

Reël 2: Wees in staat om jou drank te kan vat

Onthou, jy gaan nie 'Rock Shandy' of 'n 'Kosmopolitaan' aangebied word nie. Nee, jy gaan slegs, whiskey, bier, Namakwa of anmaakjuice kry.

Reël 3: Gedra jouself

Lili, wie se naam vanaand Giga is, loer diep ingedagte na die mense wat haar bleek vel aanvaar het as slegs 'n gebrek aan pigmentasie.

Sy tiep 'n dop Namakwa diep agter in haar keel soos 'n wafferse gesoute suiper. Sy is so flussies geleer hoe deur 'n ou met die naam van Ballas. Terwyl sy tegelyk kultureel verlig en meer besope voel as op haar suster se veertigste, trek sy haar skoene uit en met vuil hakskene werk sy haar pad dansvloer toe waar sy die Gangnam Style dans met vreemdelinge wat haar nou as familie aanvaar.

Dis in die haak om jouself ten volle te geniet by so 'n jaatpaatie. Onthou net om altyd maar in die omtrek in te vloek en nooit ooit direk vir iemand nie. Dis moeilikheid soek. Moet ook nie aanlê by iemand wat jy besluit het lyk soos Shemar Moore nie, want hy is tien teen een getroud en jy gaan jou vasloop teen een van daai voorheen genoemde Beyoncé tipes wat jou gou op jou gat sal laat sit. Swaai liewer maar daai heupe in die maat van Psy en skree so nou 'n dan 'n paar "*Hos*" in die rigting van die omstanders.

Reël 4: Waai voor die polisie kom

Kanse is goed dat die ore klokslag om middernag sal opdaag nadat die bure oor die geraas gekla het. Jy WIL NIE daar wees as die polisie en die dronkgatte eers verbaal begin haaks raak nie. **Volgende keer: Indiër partytjies**

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Ons vreemde wêreld

Meer as die helfte van **Amerika** se totale kuslyn is in Alaska (wat in die jaar toet van Rusland gekoop is).

Die Amasone reënwoud produseer meer as 20% van die wêreld se suurstof.
Die Amasonerivier pomp soveel water in die Atlantiese Oseaan in dat daar 'n honderd myl van sy mond af nog vars water in die see is.
Die rivier se volume is meer as die volgende agt grootste riviere saam en drie keer meer as die inhoud van al die riviere in die VSA.

Antarktika bevat 90% van die wêreld se ys en is eintlik 'n woestyn. Die gemiddelde jaarlikse reënval is ongeveer 50 mm.
Brasilië het sy naam van die neut gekry, nie andersom nie.

Kanada het meer mere as die res van die wêreld saam. Kanada is 'n Indiaanse woord wat Groot Dorp beteken.

Istanboel in Turkye is die enigste stad wat oor twee kontinente strek.

Dolfyne ken mekaar by die naam

Miskien is muise nie die intelligentste wesens naas die mens nie en kom die onderskeiding dolfyne toe.

Dolfyne het 'n ongelooflike geheue vir die uitvoer van take, kan tussen kleure onderskei en het ook hul eie name en ontwikkel indentifikasie fluite.

Navorsing toon hulle kan mekaar se fluite onthou, selfs 20 jaar nadat hulle 'n tenk gedeel het.

Sê tog vir jou tieties hulle moet ophou om na my oë te kyk.

Aan boord Vlug 293

Die vliegtuig het sy togsnelheid bereik, en die kaptein kondig aan: "Welkom aan boord vlug 293 van Johannesburg na Kaapstad. Die weer op ons pad lyk goed. Sit gerus terug en geniet die vlug saam . . . BLIKSEM! DONNER! MOER!" Stilte volg. 'n Paar sekondes later praat hy weer. "Dames en here, ek is jammer as julle geskrik het, maar ek het per abuis warm koffie op my skoot gemors. Julle moet sien hoe lyk my broek se voorkant!" Dis toe dat een van die passasiers vir hom skree: "Het jy enige idee hoe lyk my broek se ágterkant?"

Die herkoms van ons gesegdes (15)

Kous: Met die kous oor die kop huis toe kom (teleurgesteld terugkom)
As 'n handelaar in vroeër eeue na sy swerftog bedroë teruggekeer het, sonder geld vanweë 'n rampspoedige transaksie, of selfs beroof sodat hy nie eers sy hoed oorgehou het nie, het hy sy kous oor sy kop getrek van skaamte en om sy kop te beskerm.

Kraam: Iets pas in iemand se kraam (iets is presies wat iemand wil hê)
Dié kraam het die betekenis van "stalletjie waar iets verkoop word, byvoorbeeld by 'n kermis".

Kreti(e): Die Kreti(e) en die Pleti(e) (die hele spul; die gepeupel; die groot massa)
Die Kreti en die Pleti was die twee afdelings van die lyfwagte in diens van koning Dawid. Hulle was huurtroepe, maar die betekenisverandering na "die gepeupel, die groot massa" word nêrens verklaar nie. Daar is lank gesê dat die Kreti die Suid-Filistyne en die Pleti die Noord-Filistyne was. In Hebreeus beteken kreti "uitroei, doodmaak" en pleti "ontvlug, weghardloop". Hulle was weliswaar die skerpregters en die boodskappers van die koning.

Die egskeiding

Die man was besig om te skei. Op die eerste dag het hy begin om al sy goed in bokse, kratte en tasse te pak.

Op die tweede dag het die vervoermaatskappy gekom en alles gekollekteer.

Op die derde dat sit hy vir die laaste keer met kerslig by hul pragtige eetkamertafel. Hy sit sagte musiek aan en vier fees met twee kreefsterte, 'n bak vol garnale, kaviaar en 'n bottel sjampanje.

Toe hy klaar is,gaan hy by die kamers in en sit 'n paar halfgeëete garnale wat in kaviaar gedoop is by die hol kante van die gordynrelings in.

Toe maak hy die kombuis skoon en vertrek. Sy vrou se eerste paar dae met haar nuwe maat was wonderlik. Toe begin die huis ruik. Hulle het alle probeer, oral skoongemaak en gemop en die vensters oopgemaak vir die stank om te ontsnap.

Die luggate is nagegaan vir dooie rotte en die matte is met stoom skoongemaak.
Hulle het oral lugverfissers opgehang.

Pesverwyderaars het gekom en gaskannetjies afgeskiet waartydens hulle die huis 'n paar dae moes verlaat en daarna moes betaal om die duur wolmatte te vervang. Niks het gewerk nie.

Die mense het opgehou om te kom kuier.

Nutsmanne wou nie meer daar werk nie. Die huishulp het bedank.

Uiteindelik kon hulle die stank nie langer verduur nie en besluit om te trek. Hulle het die huis se prys met die helfte laat val, maar het na 'n maand nog nie 'n koper vir hul stink huis gehad nie.

Eiendomsmakelaars het net nie belang gestel nie. Hul telefoonoproepe is nie eers beantwoord nie. Uiteindelik moes hulle 'n groot som geld by die bank leen om 'n nuwe huis te koop.
Die eksman het gebel om te hoor hoe dit gaan. Sy eksvrou het hom die sage van die huis vertel. Hy het beleefd geluister, en sê toe hy mis sy ou huis so baie en sal hul egskeidings-ooreenkoms halfveer net sodat hy weer die huis kan kry.

Hulle het geweet hy weet van die vreeslik stank nie en kom toe ooreen op 'n prys wat een tiende van die huis se waarde was, mits die transaksie binne 'n uur afgehandel word.

'n Week later het die eksvrou en haar nuwe man staan en lag toe die verhuisingmense alles pak om dit weer na hul nuwe huis te neem.

Om haar eksman te na te kom, het hulle selfs die gordynrelings verwyder.

EK HOU VAN 'N GELUKKIGE EINDE, EN JULLE?

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

DRONKIE

Die dronkie kom by die kroeg in en sleep 'n ketting agter hom aan. Die hele kroeg neem notisie, maar niemand sê iets nie.
Totdat die kroegman dit later nie meer kan hou nie.
Kroegman: "En hoekom sleep jy 'n ketting agter jou aan?"
Dronkie: "Het jy al probeer om 'n ketting te stoot?"



MISVERSTAND

Die man het baie moeg by die huis gekom na 'n dag se harde werk. Terwyl hy verklee, vra hy sy seun om solank vir hom 'n bad water in te tap.
Hy het 'n hele paar minute in die bad gelê toe daar 'n ligte klop aan die deur is en sy seun met 'n warmwaterbottel inkom.
"Hier is dit, Pa," sê hy.

"Wat? Hoekom bring jy dit vir my?"

"Want ek het dan duidelik gehoor hoe pa sê: 'Bringiewarmwaterborrel.'"

FYNSKRIF

Opvoeding is wanneer jy die fynskrif lees. Ondervinding is wanneer jy dit nie lees nie.

WAT 'N WONDERLIKE LAND!

Ek het besluit dis tyd dat ek ook baat vind vir al die belasting wat ek betaal.

Ek het Dinsdag na die departement van arbeid gegaan om my hond vir die werkloosheidsversekeringsfonds te registreer.

Die vrou het my verbaas aangekyk: "Honde is nie op voordele geregtig nie."

Toe sê ek vir haar my hond is swart, werkloos, kan nie Engels praat nie en weet nie wie sy pas is nie.

Hy kry sy eerste tjek Vrydag.

Wat 'n wonderlike land!

WONDERLIKE TEGNOLOGIE

Meisie: "Pa ek is verlief op 'n ou wat ver weg van my af is. Ons het ontmoet op 'n dating website, vriende geword op Facebook, lang gesprekke gehad op Whatsapp, verloof geraak op Skype en nou het ek pa se blessing nodig om te trou..."

Pa: "Geen probleem nie my meisiekind, trou op Twitter, hê pret op BBM, koop kinders deur e-Bay en stuur hulle deur email, en wanneer jy gatvol is vir jou man, verkoop hom op Gumtree!"

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

STORIES UIT DIE ABO

Deur Lappe Laubscher

Die Boereoorlog uit 'n ander hoek

Ek luister nou die aand na die ghoeroe oor die Anglo-Boere-oorlog, prof. Fransjohan Pretorius.

Hy het vertel dat, so losweg bereken, daar aan die einde van die oorlog aan die Boerekant so een derde van die manne nog in die veld was. Nog eenderde was krygsgevangenes en so ?n derde het voor die einde van die oorlog reeds die wapen neergelê.

Hy het beklemtoon dat dit sommer so rofweg die geval was en nou nie gereken moet word as presiese syfers tot in die fynste besonderheid nie. Niemand kan daarmee verskil nie.

Nou vertel 'n vriend wat somme en statistiek verstaan - ek hoop so, want hy is 'n aktuaris - dat 'n mens op dié basis kan reken dat min of meer die helfte van die Boere wat krygsgevangene geneem is, tot aan die einde in die veld sou bly. Andersom, min of meer die helfte sou voor die einde van die oorlog begin vrede soek het.

Die prentjie lyk dan so: Van die Boere wat die oorlog begin het, het net die helfte tot die einde getrou gebly.
Breek 'n mens dié syfers verder op, kom daar 'n interessante prentjie na vore. Die Boere wat oorgegee het, moet weer verder in twee groepe verdeel word. Die een groep is dié wat net opgehou veg het en huis toe is. Die bekendstes onder dié manne is genl. Hendrik Schoeman. Sy kleinseun sou later in die kabinet dien.

Dan was daar ook die klomp Vrystaters aan die oosgrens wat vroeg in die oorlog na Lesotho uitgewyk het. Onder dié se nageslag tel 'n latere staatspresident.

Onder dié wat ophou baklei het, is daar nog 'n groep. Dit was dié wat aktief aan die kant van die Engelse, teen hulle eie mense, tot die stryd toegetree het. Die bekendste onder die klomp was genl. Piet de Wet van die Vrystaat.

Die klomp wat tot die einde in die veld gebly het, kan ook in twee verdeel word. Die groot meerderheid het teen Mei 1902 gevoel die tyd vir vrede het aangebreek. Onder hulle was die bekendstes generaals Louis Botha, Jan Smuts, Koos de la Rey en Jaap van Deventer.

'n Groep, wat generaals C.R. de Wet, C.F. Beyers, Manie Maritz en Jan Kemp ingesluit het, het vrede gesien as 'n kans vir asemskep. Hulle wou, wanneer die geleentheid daar was, die oorlog hervat.

Hierdie manne sou die leierskorps van die 1914-rebellie uitmaak.

En dan het Langenhoven gevra dat ons tog asseblief die erwe van ons vadere vir ons kinders moet hou.

Hoe nou so, Neelsie?

HOEKOM die Boere die oorlog verloor het - in 'n neutedop

Anders as die Engelse beroepsoldate, was die Boere hoofsaaklik landbouers wat min militêre dissipline geken of gerespekteer het.

Die Boere het 'n defensiewe oorlog geveg. Pleks van die hawens te beset en te voorkom dat voorrade, ammunisie en nog derduisende troepe die Kaap en Natal binnekom, het hulle stellings ingeneem en plekke soos Mafeking en Ladysmith beset en op die Engelse gewag.

Daar was geen strategie om die Natalse en die Westelike spoorlyn te beset en die Tommies se vervoerstelsel te kniehalter nie.

Die Boere is met ossewaens en hul gesinne oorlog toe, wat hul beweeglikheid - hul grootste bate - tot diep in die oorlog erg aan bande gelê het.

Anders as vir die Tommies, was daar geen strategiese bevoorrading vir die Boere nie. Dit het hulle ook ontbreek aan 'n stelsel om gevange Tommies aan te hou, en gevange soldate is vroeg in die oorlog reeds net weer vrygelaat.

Uit die wakis

Stories vir die vaak

Freddie het 'n skaapplaas in die Karoo gehad. Hy het die meeste van sy tyd in die veld bestee en seer voete ontwikkel.

Die dokter sê toe daar is niks ver-keerd nie, hy moet sy voete net laat rus.

"Ek stel voor jy vat 'n week af en gaan na 'n lekker plek langs die kus. Week jou voete twee keer per dag in die soutwater."

So arriveer Freddie, wat nog nooit die see gesien het nie, by 'n strandoord. Hy pak sy tas uit en vat 'n emmer en sit af see toe om seewater te kry waarin hy sy voete kan baai.

Toe hy op die strand kom, was dit hoogwater en hy vra vir die lewensredder:

"Askies, meneer, maar wat vra jy vir seewater?"

Die lewensredder het die situasie gesnap, en sê: "Jy kan 'n hele emmer vol vir 50c kry."

Freddie het sy emmer vol gemaak en sy voete in die gastehuis gaan baai.

Die middag gaan hy terug vir nog water, en toe is dit laaggety. Freddie kyk die lewensredder aan en sê:
"Jinne meneer, jy het vandag darem goeie besigheid gedoen, nè?"

Die vrou het in die fliek gesit en toe haar oë aan die donker gewoond raak, sien sy daar sit 'n man en 'n hond in die ry voor haar.

Dit was baie interessant om te sien hoe die hond op die fliek reageer. Waar daar 'n treurige toneel was, het hy saggies getjank. As daar 'n grap-pige toneel was, het hy sy kop heen en weer geskud.

Wanneer die spanning baie hoog geloop het, het hy sy oë met sy een voorpoot bedek.

Aan die einde van die film tik die vrou op die man se skouer en sê:
"Ek kon nie help om jou hond se reaksies te sien nie. Dit lyk of hy regtig elke oomblik geniet het. Ek is verstom."

"Ja," sê die man, "ek was self ook verbaas. Hy het niks van die boek gehou nie."

Ek het een keer 'n argument met 'n vrou gewen. Toe word ek wakker.

Koos van der Merwe - towenaar

Koos van der Merwe en Zuma stap saam by die sjokoladewinkel in. Terwyl hulle rondkyk, steel Zuma 'n Bar One, 'n Flake en 'n Tex.

Toe hulle uitstap, sê Zuma vir Koos: "Ek is die beste dief, ek het drie sjokolades gesteel en niemand het my gesien nie. Jy kan dit nie klop nie!"

Koos: "Man, jy het nog niks gesien nie. Koms ons gaan terug, dan wys ek jou hoeveel beter ek as jy is."
Hulle stap toonbank toe, en Van der Merwe sê vir die baas: "Wil jy goeie toorwerk sien?"
"Ja," sê die winkelbaas.
"Gee vir my 'n Bar One," en hy eet dit op.
"Gee vir my 'n Tex." en hy eet dit ook.
"Gee nou vir my 'n Flake," en hy laat die sjokolade in sy mond smelt.
"Sien jy?" vra hy die winkelbaas.

"Ja," sê hy, "maar waar is die toorkuns waarvan jy praat?"

Van der Merwe sê: "Kyk in my vriend hier se sak. Jy sal al drie die sjokolades daarin kry."
Daar is net GEEN manier waarop jy 'n BOER kan klop nie!

Trieng-Trieng

Boer: "Ja Sipho, wat gaan aan?"

Sipho: "My baas, die vark hy het by die pad gespring toe ek ry hom raak. Nou die vark se kop sit vas by die grill en hy raas baie."

Boer: "Vat die .303 agter die sitplek en skiet hom dood, gooi hom agter op die bakkie en bring saam plaas toe, ons sal dit hier uitsort. Kyk net eers of die radiator nie seergekry het nie. As daar probleme is, bel my weer dan kom haal ek jou."
Sipho: "Oukei, my baas"
So 10 minute later bel Sipho weer

Boer: "Is die bakkie stukkend Sipho?"

Sipho: "Nee my baas, die bakkie is oukei."

Boer: "Nou wat is die probleem Sipho?"

Sipho: "Ek wil net weet, my baas, wat moet ek met die vark se motorbike en die blou lig maak?"

Wie is die dom een?

Verlede jaar het ek al die vensters in my huis vervang met die duur, dubbel-paneel, energie doeltreffende soort.

Vandag, het ek 'n oproep van die kontrakteur wat hulle geïnstalleer ontvang. Hy het gekla dat die werk 'n jaar gelede voltooi was en ek het nog nie betaal nie.
Helloooo! Net omdat ek blond is, beteken dit nie dat ek outomaties dom is nie.
So, ek het vir hom gesê sy slim verkoopsman het vir my verlede jaar gesê hierdie vensters sal vir hulself betaal binne 'n jaar.

Hellooooo? Dit was 'n jaar terug , so hulle is betaal, het ek vir hom gesê.

Daar was net stilte aan die ander kant van die lyn, toe sit ek die foon maar neer. Hy het nooit teruggebel nie.

Ek is seker hy voel soos 'n idioot.

(Ingestuur deur Johann Mostert van Wilderness.)

Raat vir rooi tamaties

'n Pragtige vrou het daarvan gehou om tamaties te groei, maar het gesukkel om hulle mooi rooi te kry.
Toe sy op 'n dag weer gaan stap, kom sy 'n buurman teë wat ''n pragtige tuin vol groot, mooi rooi tamaties het.
Sy vra toe vir die vrou wat die geheim is.
"Wel," sê hy, "ek gaan staan twee keer per dag kaal in my reënjas voor my tamatietuin en dan flash ek vir hulle. Dan word hulle rooi omdat hulle so erg bloos."
Die vrou was baie ingenome en besluit om te kyk of die raat ook vir haar tamaties sal werk. Sy het twee keer per dag vir twee weke lank kaal in haar tuin ge-flash en vir die beste gehoop.
Toe sy die buurman weer raakloop, vra hy hoe dit met haar tamaties gaan en of hulle rooi geword het.
"Nee," sê sy, "maar jy moet sien hoe enorm groot is my komkommers!"

Een dag by die akwarium

Piet, Gatiep en Sipho gaan akwarium toe.

Piet sê: "Check daai moerse haai, dis 'n Great White!"

Sipho strip toe sommer sy BEE georiënteerde moer en vra:

"Why does everything have to be white, there should be a Great Black shark." Gatiep scheme: "Nei my bra, djy's mal, hoe salit wies as 'n haai nie kan swemmie! Mar imagine 'n Great Coloured Shark!"
Piet check hom uit en sê:

"Is JY nou mal, hoe lyk 'n haai nou sonder voortande?"

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BARNARD
yolande.stoltz@gmail.com
Ek is op soek na Hester Louise (gebore) Barnard. Sy is gebore +- 1936. Sy het het 'n seun gehad wat later aangeneem is. Die familie wat hom aangeneem het is Dirkie Maria Stoltz.

BRUYNS
bruynsjacoline@yahoo.com
Addisioneel: Kan iemand my help met inligting oor die van Bruyns? Ek kry nie veel inligting op die internet nie.

COETZEE
annemelville@yahoo.co.nz
: Ek is op soek na die kinders van Barend Andries Coetzee, gebore in 1933. Hulle het op 'n stadium in Leandra gewoon en in die 90's in Potchefstroom. Hy was met Pollie getroud.

DE KOKER toekieve@telkomsa.net
Ek is op soek na enige inligting wat kan lei tot my oupa aan vaderskant Willem Johannes Jacobus de Koker. My pa was David Matthys de Koker gebore 1907.

DU RAND / DU RAAN durand.reinier@gmail.com
Ek stel belang in inligting oor Gieljam Johannes du Rand/du Raan wat getroud was met 'n nooi Myburgh. Was in Kakamas en Hopetown omgewing. Beide is in die vroeë 1900's oorlede. Familienaam kan ook Du Raan wees en was afkomstig vanaf Kakamas en Hopetown se omgewing.

FUCHS olivia@indlela.com
Addisioneel: Thelma Fuchs (Olivia olivier)
Ek is gebore 12 Junie 1962 te Ladybrand en is aangeneem deur die Oliviers. Ek is op soek na my biologiese ma, Jean Agnus Fuchs van Bloemfontein. Sy was 20 jaar oud met my geboorte en het my laat aanneem dieselfde dag.

GROENEWALD retha.vermaak@gmail.com
Tans besig met Groenewald-stamboom in boekvorm. Indien jy inligting wil publiseer, kontak my gerus. Sal jou graag wil aanteken!

RADEMEYER cmzhou8808@gmail.com
Ek is dringend op soek na my familiewapen. Kan enige een my help asseblief.

Kleindogter se gebed vir haar oupa

Liewe Jesus
Stuur asseblief klere vir al daardie arm meisies op oupa se rekenaar. Amen.

JOU EIE SKULD!

Die dronkie kies kortpad deur die begraafplaas en beland in 'n oop graf. Later die nag begin dit reën en hy kry koud. Hy huil kliphard.
"Help! Iemand, help my tog, dis koud hier onder!"
Daar stap Gatiep verby, lekker getrek. Hy hoor die hulpkreet, loer in die graf, gryp 'n graaf en begin die hoop sand ingooi terwyl hy troos: "Toemaar, toemaar. Dish g'n wonner djy kry koutie, djy't diousielf dan oepgesikop."

AGTEROS

Net voor uitspantyd

"Oom Honk sê toe hy die skoot aftrek, toe weet hy het 'n fout gemaak met Strytskiet in die lug."

Deur
Pieter Labuschagne

Pieter se storie was onlangs voorgelees op TunaRadio se program NetAfrikaans. Skakel gerus in op jou slimfoon of Ipad by www.tunaradio.net. Hulle is 24/7 op die lug met Suid-Afrikaanse musiek en programme. Tunaradio saai uit vanaf Nieu-Seeland.

Dominee Reyneke kuier weer vanaand saam met ons hier in die **Vasmaker** en lag ook saam oor ons stories. Alhoewel hy dink dit is sonde, hierdie liegery en die gelag vir ander se swakhede, reken hy dit is dalk net goed in hierdie tyd van droogte, herpisvrektes en ander kwale van die land.

Hy waarsku ons vroeg al dat hy ook 'n storie kan vertel vanaand, maar hy wil eers so snarsie moed bymekaar skraap.

Oom Cas sak dadelik agter die yskas in en gou-gou is dominee Reyneke se lemoensap, met daai Russiese dingetjie daarin, op die toonbank voor hom. Dominee sit op sy hande as hy keel skoonmaak. Ons spits ons ore solank.

Dominee sien sy luisteraars is reg. Hy staan amper regop om te begin praat, maar hy bedink hom net betyds want die **Vasmaker** is darem nou nie dieselfde as die kerk nie.

Hy was weer gistermiddag by Oom Honk nadat ou Tant Ragie weer oor die heining vir Mevrou vertel het dat Oom Honk darem haar geloof deur die modder sleep met sy liederlike liegstories.
"Mevroutjie," sê Tant Ragie, "as ek nou nog een Sondag in die kerk moet sit en daai spekskieter moet aanskou, sal ek nie Dominee se woorde kan aanvoor nie!" kom dit toe driftig van haar.

Mevrou belowe plegtig dat sy vir Dominee sal vra om maar weer 'n draaitjie by Oom Honk te gaan maak om hom dan nou te wys op sy dwaalweë. Daarom Dominee se vertelling rondom sy besoek gister by Oom Honk.

"Ons weet almal van Oom Honk se uithaler geweertjie, die enetjie wat hy dan Strytskiet noem," begin Dominee. En dit is waar. Oom Honk het al lankal, toe die dorp se enigste Engelsman nog sy buurman was, al vertel hoe hulle twee sy roertjie gebokkereer het. Ek dink hy het eintlik maar bedoel, gemoderniseer het.

Die detail was ook glad nie skraps nie. Die loop is langer gemaak. Daai is 'n aks van 'n duim op die punt van die loop wat laat lig is want die warm koeëlpunt word dan nou kwansuis swaarder hoe langer die koeëlpunt deur die loop trek.

Tot die maak van nuwer en langer koeëldoppies om daardie koeël nou mooi reguit en ver te kan skiet, is vele male vertel vir diegene wat wil hoor.

Oom Honk was regtig trots op Strytskiet en dit het maar altyd naby gestaan, "net vir in kys". Ons het altyd gedink dat Strytskiet vir hom soos 'n kind was en al wat Strytskiet nog moes doen was om self veld toe gaan en 'n skietdingetjie huis toe te bring.

"So sit ons maar op die agterstoep en drink ons koffie," gaan Dominee voort. Dominee sê hy probeer sy storie nou mooi agtermekaar kry sodat hy nou nie vir Oom Honk gaan aanstoot gee as hy nou die klagtes van die gemeente voor sy voete gooi nie. Dominee sê hulle "oe en ah" nog oor die koffie toe spring Oom Honk in met: "Weet Dominee hoe ver is die maan?"

Dominee kry nie kans om 'n antwoord te probeer nie, want Oom Honk is reg met 'n Strytskiet-storie.

"Ek het nou die aand met volmaan mos ook hier gesit," gaan Oom Honk voort terwyl hy Strytskiet nader trek.

Dominee sê hy weet toe al waar die storie heen gaan en probeer protesteer. Oom Honk het die storie aan sy kraag beet en hy vertel angstig verder. "Gaan haal toe mos vir my een van daardie 4-duim koeëls wat ek en die Engelsman gemaak het."

Oom Honk het so met Strytskiet die lug in gemik en hy sê hy wonder toe so by homself of hy darem die volmaan, wat dan nou vanaand so naby is, kan nerf af skiet as hy probeer met Strytskiet.

Dominee sê hy kry net: "Maar Oom Honk..." in toe vertel Oom Honk dat hy net daar daardie 4-duim koeël indruk en aanlê. Oom Honk sê hy moes eers mooi dink, want daar is nou hoeka 'n paar eksterne en spesiale faktore en die nodige "natuurlike elemente" wat in ag geneem moet word. Dominee sê Oom Honk verduidelik van afstand, die koeler weer en nog ander dinge.

Oom Honk vertel verder dat hy toe op die stoeptafel moes klim en vir Strytskiet so ver as wat hy nou kon in die lug opdruk, net om darem die afstandelement te probeer verminder. Oom Honk vertel dat hy so vier vingers na die bokant van die volmaan mik want hy besef maar terdeë dat dit nogal 'n hele entjie volmaan toe is en die volmaan staan nou hoeka ook nie stil nie.

Oom Honk sê toe hy die skoot aftrek, toe weet hy het 'n fout gemaak met Strytskiet in die lug. Hy sê hy het altyd geweet Strytskiet het 'n skouer nodig gehad en daardie aand toe wys Strytskiet vir Oom Honk hoekom.

Oom Honk vertel dat die skop van Strytskiet erger was as wat hy gedink het dit sou wees, en toe hy opstaan en die stof uit sy oë vee toe was die skoot al geskiet en daardie 4-duim koeël al goed op pad na die volmaan toe.

Dit is toe, sê Domine, dat hy sy kans sien om Oom Honk die les van liegstories te leer. "En toe Oom Honk?" sê Dominee toe, "het jy darem die volmaan gehaal met Strytskiet?"

Dominee sê Oom Honk het sy een oog so skrefie getrek, vir Dominee bekyk, 'n rukkie geteug aan sy koffie en toe sê hy: "Nee wat Dominee jy weet mos eintlik dit was darem 'n baie lang kans wat ek gevat het!"

Dominee vertel dat hy 'n sug van verligting net daar besig. Dat Oom Honk nou wel die punt van 'n liegstorie kan insien is vir hom 'n openbaring. Miskien is dit nog nie te laat om goeie nuus vir Tant Ragie te gee nie.

Na nog 'n teug aan sy koffie, kug Oom Honk so slag en sê so ter nagedagtenis: "Maar ek wonder tog, want die maan was tog heelwat kleiner later daardie aand. Miskien tog net so 'n klein gaatjie."

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 7 OKTOBER